

Woensdag 15 April

Skrifgedeelte: Matteus 9:35-38

Fokusgedeelte: Matteus 9:35-38

Die opdrag van die goeie Herder, die Here van die oes

Jesus as die goeie Herder, ons hoogste Profeet en enigste Hoëpriester, is besig om die evangelie van die Koninkryk te verkondig en genesingswonders te doen (vs 35). Op sy reis leer Hy ook die geestelike toestand van die volk ken.

Dit word geteken met die aangrypende beeld van skape sonder 'n herder. Hulle is verward en verstrooid. Soos skape wat op 'n dwaalspoor gaan en uiteindelik uitgeput neerlê. Die herders wat hulle gehad het, het hulle verkeerd gelei, was in werklikheid nie herders nie (vgl. Eseg. 34).

Voordat Jesus sy 12 dissipels in die volgende hoofstuk uitstuur, wil Hy hulle oë vir hierdie ontsaglike nood open. En dan verskuif die beeld: van die herder en skape na arbeiders op die saailand. Die dissipels moet in die ellendige toestand van die volk 'n oes sien, 'n reusagtige arbeidsveld. Daarom moet hulle bid dat die Here van die oes arbeiders sal stuur om die oes in te samel.

Ons fokusgedeelte konfronteer ons met 'n paar lastige vrae. Kyk ons met dieselfde oë as die goeie Herder na die kudde en na die verwarde, verstrooide, soekende mense buite die kerk? Kry ons hulle innig jammer, soos Hy? Is die herders bo alles en uitsluitlik besig om die kudde te versorg en die evangelie van die goeie Herder te verkondig en uit te leef? En bid ons gereeld dat die Gees jongmense sal roep om vir predikant te studeer? Ons moet onophoudelik bid vir arbeiders. Maar ons het ook 'n roeping om arbeiders te soek en toe te rus (vgl. Artikel 19 Kerkorde).

Dit is ons roeping, vandag en elke dag. Bid en werk op die saailand. En dit alles in kinderlike geloof dat die goeie Herder, die Here van die oes, nie sal toelaat dat een skaap en een saadkorrel verlore gaan nie.

Sing: Skrifberyming 16-1:4, 5

Prof. CFC Coetzee (Callie) (Emeritus)